

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Oktober 2009



Goud en silwer het ons nie...

Lees binne...

- Is daar lewe na werksverlies? – 1
- Hoop in moeilike tye – 2
- Die opstanding van Jesus – 3
- Lidmate en skuld – 7

In hierdie uitgawe

- BI 1 Is daar lewe na werksverlies? (Dr Johan Coetzee)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:** Hoop in moeilike tye
Leserskompetisie 4
- BI 3 **Geloof in perspektief**
Die opstanding van Jesus is 'n werklikheid:
Dit is genoeg (Dr Daan van Wyk jr)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Geestelike leier in veranderde tye (Ds Marius Bacon)
Oorkonde van waardering oorhandig
Onthou 10 Oktober (Dr Christo Pretorius)
Beroep aanvaar
SENTIK-publikasies 2010
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Die teleskoop 400 jaar oud (Ds Herman van den Berg)
Vakatures by die Universiteit van Pretoria
Lidmate en skuld (Elmar Struwig)
Ons mense in die buiteland (Ds Willem Sauer)
- Agterblad **Oordenking**
Hervorming is steeds nodig (Ds Pieter Uys)

Hoop in moeilike tye

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig oor die moeilike ekonomiese tye waarin ons ons tans bevind.

Die resessie raak ons almal in 'n mindere of meerdere mate. Sommige verloor ons werk, ander word insolvent verklaar en baie sukkel om al ons verpligtinge na te kom. Almal van ons moes al in ons lewens groot verliese hanteer.

In die Bybel is Job die klassieke voorbeeld van iemand wat in 'n stadium alles verloor het. Hy was 'n welvarende en geseënde mens, maar tegelyk ook 'n toegewyde gelowige mens. Daar was geen logiese rede waarom al die hartseer hom so die een na die ander getref het nie (Job 1: 13-22). Die punt is dat lyding ook goeie gelowige kinders van die Here tref – soms selfs in 'n onverklaarbaar intense graad. Die grootste gedeelte van die boek Job bestaan uit Job se worsteling en soeke na antwoorde. Dit bied aan ons die troos dat ons maar met God mag worstel en ons vrae mag vra. Daar is immers baie klaagliedere in die Bybel. Dit is eintlik ook 'n stuk geloof.

Maar dit is belangrik om ook die einde van die boek te lees (Job 42: 10-17). Daarin is ons hoop geleë. God kan omstandighede verander. Lyding hou nie vir altyd aan nie. God gee altyd weer uitkoms, sodat ons soms na die tyd selfs beter af is as voor die verlies. As gelowiges is ons nie uitgelewer aan die noodlot of die willekeur van mense nie. Ons is in God se hande. Ons kan op God vertrou, selfs al het ons nie al die antwoorde nie. Dit is immers wat geloof is.

Die belangrikste boodskap wat die boek Job vir ons het, is: Daar is hoop! Waar God is, is daar altyd 'n toekoms. Ons kan verder kyk as net ons omstandighede van die oomblik.

God vat nie ons swaarkry in die lewe noodwendig weg nie, maar deur geloof in God kry ons die krag om dit te hanteer. God kan dit selfs gebruik om ons nader aan Hom te bring – soos wat van Job geskryf is: Job het 'n vol lewe gehad (Job 42: 17). Wat beteken dit vir ons? Ons het deel aan die toekoms wat Jesus Christus vir ons moontlik gemaak het. Ons kan bely: Ek glo in die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe...

Dit is die hoop wat ons aan die wêreld kan verkondig. Nie die valse hoop van aardse voorspoed wat sommige kerke wel aan mense voorhou nie, nie goud of silwer nie. Maar die grootste skat in die hemel, waar mot en roes nie verniel nie.

Artikels wat die **tema van Goud en silwer het ons nie** verder dra, is *Is daar lewe na werksverlies?* van dr Johan Coetzee en *Lidmate en skuld* van Elmar Struwig.

Die opstanding van Jesus is 'n werklikheid: Dit is genoeg

Dr Daan van Wyk (jr) het hierdie artikel op versoek van die redakteur geskryf, na aanleiding van 'n ouderling se vrae oor geloofskwessies.

Die broeder vra helderheid oor, aan die een kant, die Streeksmoderators van die NG Kerk wat in 'n verklaring gesê het hulle verstaan die opstanding van Jesus onder andere as 'n fisiese, liggaamlike opstanding. Daarteenoor is daar moderne wetenskaplikes (teoloë wat ook historici is) wat die fisiese en liggaamlike opstanding ontken omdat dit volgens hulle nie bewysbaar is nie. Die vraag is derhalwe: Wat glo en bely ons in die Hervormde Kerk oor die opstanding van Jesus? Oor hierdie vraag van ons Geloofsbelydenis is reeds breedvoerig geskryf in 'n reeks artikels, *Kerk en Teologie 2000*, in *Die Hervormer* van 2000.

Uiteindelik kan daar egter net een antwoord op die vraag wees: Ons glo en bely dit wat God deur sy Woord aan ons bekendmaak en wat in die Belydenisskrifte van die Kerk verwoord word oor die opstanding van Jesus. Hoewel die Nuwe Testament nie vertel dat iemand gesien het hoe Jesus opgestaan het nie, het ons daar verskeie tekste wat daarop dui dat gelowiges Jesus na sy dood lewend ontmoet en ervaar het. Ons het ook verskeie tekste wat vertel dat die graf waarin Hy begrawe was, leeg was die Sondagoggend na sy begrafnis.

In al drie die Geloofsbelydenisse van die Kerk word bely dat Jesus op die derde dag uit die dood opgestaan het. In die Heidelbergse Kategismus (Sondag 17) word gepraat oor die *nut* wat die opstanding van Christus vir ons het. Dit beteken dat nóg die Bybelskrywers, nóg die opstellers van die Geloofsbelydenisse, nóg die opstellers van die Formuliere van Eenheid waarde geheg het aan die besondere beklemtoning van die fisies-liggaamlike karakter van die opstanding van Jesus. Daarby moet verreken word dat verskillende kontekste waarin tekste tot stand kom, verskillende dinge bedoel wanneer dieselfde terme gebruik word. (Om byvoorbeeld in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld te praat oor *fisies* en *geestelik* is anders as om in die 21ste eeu te praat oor *fisies* en *geestelik*.)

Daarom behoort ons vandag te sê: Nóg predikante, nóg teoloë, nóg lidmate behoort hulle te laat intrek by formuleringe oor ons geloof wat meer of minder of anders vra as dit wat reeds in die Belydenisskrifte van die Kerk verwoord is. Sowel die Moderators van die NG Kerk as die histories-wetenskaplike teoloë het dit wel gedoen. In hul formulering oor die fisies-liggaamlike opstanding van Jesus het hulle hulle laat intrek in die moderne en postmoderne debat oor die fisiese bewysbaarheid al dan nie van hierdie bepaalde historiese gebeure.

Dit is eers die afgelope sowat 300 jaar dat dit in die bestudering van die Bybel 'n probleem geword het toe besef is dat die Bybel nie 'n eksakte geskiedenis (of wetenskapshandboek) is nie. Hoewel die Bybel ook geskiedenis bevat, is dit primêr 'n geloofsboek wat die groot daad van God aan ons kommunikeer. Dit beteken onder andere dat die Bybelskrywers nie altyd ingestel was daarop om noodwendig feitlik histories korrek te kommunikeer nie, maar dat hulle hulle eerder ingestel het om geloofswaarhede oor te dra.

Die opstanding van Jesus is die hart van die Christelike geloof. Jy glo dit omdat jy, soos die eerste gelowiges van die eerste eeu, met die opgestane, lewende Here Jesus Christus gekonfronteer word en in Hom glo as die Seun van die lewende God. Nie omdat historici dit kan bewys nie.

LESERSKOMPETISIE 4

Die wenner van Leserskategorie nr 2 (Augustus 2009) is Isma van den Berg van Pinetown. Baie geluk! U sal 'n eksemplaar van Henk Bierman se publikasie *Leer die Bybel speel-speel ken* in die pos ontvang.

Leserskategorie 4

Vraag: Waar lees ons in die Bybel: ***Ek het u gebooie liefier as goud, as fyn goud?***

(Leidraad: Soek in die langste psalm)

SMS die antwoord voor 31 Oktober 2009 na **071 229 8903**.

Die prys is 'n geskenkbewys ter waarde van R100 van Lux Verbi.